
# Die “historiese Jesus” aanhangers: wetenskaplike- of evangelisasie terrein?



Maar Hy antwoord en sê: Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie,
sal ontwortel word. Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes.
En as ’n blinde ’n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val. – Matt.15: 13,14

**Naam: Slabbert Le Cornu**

# INHOUDSOPGAWE

**1. Inleiding** ........................................................................................................ 3

**2. Probleemstelling** ........................................................................................ 4

**3. Doelstellings** .............................................................................................. 4

**4. Metodologie** ............................................................................................... 4

**5. Die historiese vs die verkondigde Jesus probleem** ...................................... 5

5.1. Die oorsprong en ontstaan van die probleem

5.2. Die ontwikkeling van die probleem

5.3. Wie Jesus is volgens die probleem

**6. Jesus volgens die Nuwe Testament** ........................................................... 8

**7. Die belydenis van die Kerk deur die eeue** ................................................. 10

**8. Evaluering en konklusie** ........................................................................... 11

**Bronnelys** ......................................................................................................... 13

# 1. Inleiding

Elke Sondag, regoor die wêreld, ook in Suid-Afrika, word die Apostoliese Geloofsbelydenis in baie kerke bely. Dit is die basiese belydenis wat die kerk van ons Here Jesus Christus vir die afgelope 1500 jaar saambind.

Die eenheid van die kerk is egter konstant onder die aanslag van hulle wat die woord van God probeer verdraai om iets anders te sê as wat dit nog altyd gesê het. Ook die tye waarin ons lewe, is 'n getuienis daarvan. Sommiges beweer dat die Kerk van Christus in Suid-Afrika vandag voor sy grootste uitdagings en aanslae ooit te staan kom, wat daarop uit is om die kerk te probeer vernietig of irrelevant te maak.

Ou dwalinge word in nuwe baadjies aan ons voorgehou, en indien ons nie die Skrif, die kerkgeskiedenis en ons belydenisskrifte ken nie, word ons maklik slagoffers vir die nuutste sak slange wat 'n dwaalleraar die kerke wil aanbied as evangelie.

In die *Beeld* van Donderdag, 19 September 2002, onder die opskrif "Derde Christelike tradisie kom dalk, sê toekomskundige", word beweer dat naas die Westerse en die Oos-ortodokse Christelike tradisies (wat albei die Apostoliese Geloofsbelydenis aanvaar), daar dalk 'n derde Christelike tradisie kan ontstaan, waar Jesus gesien word "as 'n buitengewone wysheidsleraar wat 'n koninkryk van die hemel verkondig wat 'n mens in hierdie lewe reeds kan ingaan."

Daar word verder beweer dat die noodsaak daarvoor is as gevolg van:

- die sinkretisme tussen verskillende gelowe en dat die verskillende gelowe nou nader aan mekaar staan as 2000 jaar gelede,
- die Boeddhisme wat na die Weste oorgebring is, en
- die ontdekking in 1945 van die antieke geskrifte by die Nag Hammadi in Egipte, wat "nie enige besondere betekenis geheg het aan die dood van Jesus nie"

Die konklusie wat die toekomskundige, dr. Piet Muller, dan daaruit maak, is vir die tema van hierdie werkstuk van kardinale belang: "Volgens Muller voel al meer mense dat die apostoliese geloofsbelydenis nie meer hul geloof uitdruk nie" (sien ook Muller, 2002: 11).

Natuurlik is geen belydenisskrif kanon nie, en mag dit nie langs die Skrif geplaas word nie (NGB artikel 7), maar dit is nie wat hier op die spel is nie. Nee, dit gaan oor die inhoud van hierdie belydenis: Jesus Christus en wat Hy vir ons bevestig en openbaar het.

Hier word na die wortel van die Christendom gegaan, naamlik die waarhede van die Skrif soos dit geformuleer is deur bloed en stryd in die eerste 500 jaar van die kerkgeskiedenis. Gerald Bray se woorde is tekenend van ons tye, as hy skryf (1997: 7):

> At a time when Christian commitment is lower than ever before, and when all branches of the Church have admitted the need for clear, incisive evangelism, it seems that the leading theologians of our colleges and universities are engaged in a kind of competion to see which of them can deny the greatest number of central Christian doctrines without being disciplined.

## 2. Probleemstelling

> *Sodra 'n rigting of party 'n naam kry, of hy hom die naam self gee en of ander hom die naam gee, het die naam twee betekenisse – een betekenis, waarin die party of rigting dit self gebruik, en een betekenis, waarin sy vyand of teenstander hom besig.* – Perold (Deist, 1994: binneblad)

Die 'nuwe geloof' van die Jesus Seminar beweging, en die Nuwe Hervorming[1] beweging van SA (Muller, 2002) is amptelik en nie-amptelik al ontbloot, weerlê en verwerp deur die Kerk van Christus, asook deur baie evangeliese geleerdes regoor die wêreld. Ongeag daarvan, bly baie van die lede van hierdie bewegings nog volhou dat hulle 'Christene' is, ongeag dit wat hul glo direk in stryd is met die leer van die Christelike Kerk.

In die postmoderne eeu is dit aanvaarbaar dat elkeen glo soos hy wil en nogsteeds aanspraak daarop kan maak dat hy 'n 'Christen' is maar dit verskaf 'n identiteitsprobleem, 'n geloofskrisis, want wie is dan nou werklik 'die Christene' en wat moet 'n mens glo om 'n Christen te wees? Is dit hulle wat vashou aan die belydenis van die Kerk deur die eeue, o.a. die ekumeniese en gereformeerde belydenisskrifte, of is dit die Nuwe Hervorming wat met 'n totaal 'nuwe' inhoud (vir *ons* tyd) kom? In die woorde Paul Coplan (1998: 17), is die volgende wesentlike vrae op die spel:

> Who is the real Jesus? Is the Jesus that Christians have been worshiping through the ages a legendary or mythhological figure massively blown out of proportion by well-meaning followers? Or is he "the Christ, the Son of the living God"?

Wanneer bepaal is wie Christus reg bely, sal dit ook help om 'n strategie te ontwikkel hoe daar teenoor die historiese Jesus aanhangers opgetree moet word. Moet hul beskou word as 'mede christelike geleerdes' met wie ons in 'n wetenskaplik-teologiese gesprek kan gaan en o.g.v. die 'bewyse' hul probeer oortuig dat die Jesus van die geskiedenis ook die Jesus is wat verkondig is; of moet hul beskou word as ongelowiges aan wie die Evangelie verkondig moet word met die oproep tot geloof en bekering (Mark.1:14,15)?

Is die Jesus Seminar en die Nuwe Hervorming beweging dus onkundige gelowiges of geleerde ongelowiges?

## 3. Doelstellings

In hierdie werkstuk gaan hierdie problematiek ondersoek word en is die doel om spesifiek die volgende drie vrae te beantwoord (nie noodwendig in volgorde nie), nl.:
a) wat moet 'n mens glo en bely om 'n Christen genoem te word?
b) voldoen die geleerdes wat die historiese Jesus vs. die verkondigde Jesus skeiding maak aan hierdie vereistes?
c) hoe moet daar in gesprek gegaan word met aanhangers van die historiese Jesus beweging?

## 4. Metodologie

Die ondersoek gaan die volgende bepaalde metode volg:
a) *eerstens* gaan 'n kort historiese uiteensetting gegee word van die historiese Jesus vraagstuk. Dit behels ook dat hul spesifieke eienskappe of belydenisstukke aangaande Jesus uiteengesit sal word.
b) *tweedens* gaan die Nuwe Testament ondersoek word om te bepaal wat die Skrif leer aangaande Jesus Christus, en wat 'n Christen dus moet glo.

---

[1] Dat die naam totaal misleidend is, word bevestig deur die feit dat hul gnostiese bybels *antieke* geskrifte is.

c) *derdens* word gekyk na wat die kerk van Christus deur die eeue bely het.
d) en, *vierdens*, gaan dan gekyk word of aanhangers van die historiese Jesus wel daarop kan aanspraak maak dat hul Christene is volgens die getuienis van die Skrif.

Skrywer se vertrekpunt is *sola et tota Scriptura*: dat 'net die Skrif, en die hele Skrif' die heilige Woord van God is, wat onfeilbaar en foutloos is in sy geheel en al sy dele. Daarom is die Heilige Skrif die hoogste en finale standaard vir die totale lewe en denke van die mens (NGB artikels 2-7). As een van die Nuwe Testament skrywers 'n uitspraak maak oor Jesus Christus, is dit ook God se uitspraak oor Jesus, wat deur die Heilige Gees vasgestel is. *Wat die Skrif sê, sê God* (Geisler, 1980: 30). Daarom moet die sosio-historiese insigte (buite-bybelse insigte) wat verwerf word deur teologies-wetenskaplike arbeid, alles verstaan en verklaar word binne en volgens die openbarings-historiese konteks van die Heilige Skrif.

## 5. Die historiese vs die verkondigde Jesus probleem

### *5.1. Die oorsprong en ontstaan van die probleem*

Die belangrikste vraag wat die mens in sy bestaan moet beantwoord, is die vraag wat Jesus Christus sy dissipels gevra het omtrent 2000 jaar gelede in die streke van Cessaréa-Filippi:

*Maar julle, wie sê julle is Ek?* – Matt.16:15

Die antwoord op hierdie vraag sal 'n mens se totale lewensuitkyk en ten einde jou ewigheidsbestaan bepaal. Reeds in Jesus se tyd is hierdie vraag verskillend en wyduiteenlopend ge-antwoord. Die een antwoord is "U is die Christus, die Seun van die lewende God" (Matt.16:16), terwyl 'n ander weer meen dat Hy 'n 'vraat en 'n wynsuiper" is (Matt.11:19).

Regdeur die geskiedenis het daar ook verskillende 'Jesus beelde' ontwikkel, soos Dennis C. Duling in sy werk, *Jesus Christ Through History*, aangewys het (1979), die Jesus van:
- die vroeë kerk
- van die Middeleeue
- van die Reformasie
- van die Romantiek en Verligting
- die historiese Jesus van die liberale denke, ens.

Duling (1979: 28) is van mening dat die Evangelies was produkte van 'n mondelingse tradisie waarin die stories oor Jesus aangepas is om nuwer behoeftes aan te spreek. Dit word as volg verwoord in die Bybel in Praktyk (Vosloo & Van Rensburg, 1993):

> Aanhalings (*vanuit die OT in die NT* – SLC) wat met opset 'n nuwe betekenis ontvang, is veral daardie dele wat gebruik word om aan te toon dat Jesus inderdaad die vervulling is van die beloftes oor die Messias in die Ou Testament.

Volgens Duling is alle interpretasies van Jesus slegs nog " 'n interpretasie" en kan ons nie werklik sê wie Jesus histories was nie. Wat ons deur die Evanglies ontvang, is nie wie Jesus histories was nie, maar 'n Jesus soos gerekonstrueer deur die oë van sy volgelinge, die dissipels en die vroeë kerk. Ons ken dus net die verkondigde Jesus maar nie die historiese 'werklike' Jesus nie.

En dit is dan nou die sogenaamde 'historiese Jesus' probleem, nl. dat die Heilige Skrif is nie genoegsaam is om vir ons te kan sê (objektief) wie Jesus 'werklik' was nie, maar net bloot 'n getuienis oor wie hulle gedink het Hy was. So het die mens dan deur die geskiedenis

voortgegaan, elke keer volgens sy behoeftes en vraagstukke van sy tyd vir hom 'n sekere soort Jesus gerekonstrueer. As die Evangelies dus net nog 'n siening van wie Jesus was, en daarby nog 'n subjektiewe 'onvolledige' siening, dan kan elke mens dus sy eie jesus skep na sy beeld om sy verlosser en god te wees, en is daar geen "U is die Christus, die Seun van God" nie.

Die Jesus Seminar beweging en die Nuwe Hervorming van SA sien dit as hul taak om die 'ware feite' oor Jesus te herontdek deur die wetenskaplike metode.

*5.2. Die ontwikkeling van die probleem*

Al is God se Woord al vanaf die tuin van Eden bevraagteken (Gen.3:1-5), het die soeke na die 'ware Jesus' oftewel die 'historiese Jesus' veral met die opkoms van die Verligting plaasgevind, en moet dit veral verstaan word binne die raamwerk van die verhouding tussen die Bybel en geskiedenis (Viljoen, 2002: 556). Ten einde is die twee wesentlike vrae op die spel, nl.

- wat is waarheid en kan ons dit ken?
- wat is die gesag van die Bybel en die geskiedenis?

Die Nuwe Hervorming ontken die finale gesag van die Bybel en stel dit gelyk aan die geskiedenis, terwyl die waarheid die produk is van 'n gemeente-teologie en nie die Woord van God, Sy Openbaring nie (Muller, 2002: 85).

Die soeke na die historiese Jesus het verskillende fases ondergaan, naamlik (Viljoen, 2004: 99-101)

a. die pre-kritiese fase (150-1778) waarin die Skrif as histories betroubaar beskou is en daar nie probleem was om Jesus as Christus en Here te bely nie.

b. *die eerste fase* in kritiese ondersoek na Jesus (1778-1953) waar daar met die denkbeelde van die Verligting gewerk is en krities na die Bybel gekyk is. Onder leiding van geleerdes soos Reimarus, Wrede, Bultmann, Paulus, Strauss en Schweitzer is die belydenis van die kerke ondermyn, en is 'n ander manier van lees van die die Bybel en ook 'n ander Jesus beeld voorgehou.

c. *die tweede fase* in die kritiese ondersoek is vanaf 1953 onder leiding van Ernst Kasemann wat opnuut besef het dat "histories betroubare argumente die basis vorm van die Christelike geloof" en het daarom radikaal verskil van sy leermeester, Bultmann.

d. *die nuwe ondersoek* na die historiese Jesus het aan die einde van die laaste eeu opgevlam deur die werk van die sogenaamde 'Jesus Seminar', wat begin is met die doel om, in die woorde van Crossan: "... to give an impartial (sic!) picture of Jesus that is unclouded by credal interpretations of him". Hierdie manne het al die bronne gaan studeer en op grond van hulle bevindinge gaan stem watter woorde Jesus s'n was of nie. In Suid-Afrika het daar aan die begin van die 21ste eeu ook 'n paar geleerdes, onder andere Sakkie Spangenberg, Hansie Wolmerans, Piet Muller, Pieter Craffert, Pieter Botha, ens. die 'Nuwe Hervorming' geloods wat dieselfde postmoderne (mitiese) wêreldbeeld, kritiese metodes en teorieë volg van die Jesus Seminar beweging.

Die begronding van die historiese Jesus standpunt het deur die eeue wyd en suid verskil. Daarom word slegs een van die grootste huidige eksponente van hierdie standpunt weergegee, soos wat dit aan die einde van die 20ste eeu deur die *Jesus Seminar* tevoorskyn

kom, nl. J.D. Crossan. Hy begrond sy standpunt op twee voorveronderstellings (Copan, 1998: 34):

a. Die Evangelie van Markus is deur Mattheus en Lukas gebruik as hul hoofbron.
b. Jesus se woorde in die Evangelies bevat drie opeenvolgende lae of fases, waarvan die een op die ander voortbou.

Vanuit hierdie twee vertrekpunte is hy van mening "we start down a long two—hundred-year voyage. And the challenge is not to lose your nerve" (Copan, 1998:34). In die vier Evangelies –volgens Crossan- het ons nie vier beskrywings van een verhaal nie, maar 'n ontwikkelde tradisie van die een (Markus) na die ander (Matt.; Luk.) met Johannes natuurlik die kersie op die koek. In navolging van Strauss[2] is Crossan van mening dat uitsprake oor bv. Jesus se Godheid, die maagdelike geboorte, opstanding, wonderwerke, ens., is metaforiese uitsprake wat ons voor die Verligtingstydperk verkeerd gelees het. Dit is nie letterlike ruimte-tyd werklikhede nie, maar metaforiese stories om 'n bepaalde boodskap aan ons oor te dra. Ons mis die hele punt van die storie as ons dit 'letterlik' probeer verstaan, hetsy in die Bybelse tyd of vir vandag.

*5.3. Wie Jesus is volgens die probleem*

Vanuit hul beskouing van die Bybel en die geskiedenis, vanuit hul verligtingsdenke raamwerk, is die historiese Jesus aanhangers van mening dat Jesus slegs 'n goeie mens, 'n wysheidsleraar was, en nie God self nie. Hy is nie uit 'n maagd gebore nie, het nie vir ons sondes gesterf nie, het nie opgestaan uit die dood nie en het nie opgevaar na die hemel nie.

Jesus was geen Messias nie maar die produk van die mitiese wêreldbeeld van die eerste eeu. Wolmerans (Muller, 2002: 14) stel dit as volg: "Die Nuwe Testament interpreteer Jesus onder andere deur van mites gebruik te maak." Ten einde is daar geen wesentlike verskil tussen die mitologie om Jesus, Zeus, Thor en Mercury nie (Copan, 1998: 44). Vir Crossan (Copan, 1998: 25) en sy historiese Jesus bedmaats, is 'Jesus' niks meer as "a peasant Jewish cynic" nie en het 'Jesus' se messiaanse pogings klaaglik misluk toe 'Hy' in die eerste eeu aan die kruis gesterf het.

As die Heilige Skrif ons nie 'n objektiewe standaard gee waaraan ons allerlei sienings oor Jesus kan toets nie, en maar net nog " 'n interpretasie" van Jesus is, dan eindig ons in 'n Jesus geskape na die beeld van elke navorser (Viljoen, 2004: 100):

- die politieke revolusionêre Jesus
- die romantiese Jesus
- die liberale Jesus
- die nasionalistiese Jesus, ens.

Volgens Reymond (2003: 16) het die vroeë kerk 'n Christologie 'from above' gehad, 'n 'ontological Christology' en 'n 'incarnation-centered Christology', wat 'n verskuiwing ondergaan het deur die opkoms van die Verligtingsdenke waarin die moderne mens dink hy weet beter as die Evangelies.

[2] "In Strauss's view the Gosepls 'present us with religious, not historical, truths' " (Coplan, 1998: 11).

## 6. Jesus volgens die Nuwe Testament

*Heresy is never anything but a question of grammar.* – B. Cottret

Die Gereformeerde Nuwe Testamentiikus se hermeneutiek word in die besonder bely in NGB artikels 1 tot 7. Die Drie-enige God is die grond van alle besinning oor leer en lewe, soos ons dan ook ons belydenis begin in die NGB, artikel 1 met die 'enige ware God'. Hy is die *ontologiese* aksioma van waaruit alle teologiese, epistemologiese en etiese besinnings vloei. Vervolgens leer ons Hom *ken* uit die natuur en die Skriftuur, soos ons bely in NGB artikel twee: "Ons *ken* Hom deur twee middele ..."

Artikels 2-7 handel dan met die Skrif as ons kenbron van "wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort." Dus, die norm en standaard van ons besinnings en optrede is die heilige en Goddelike Skrif (art.3) "waarteen niks ingebring kan word nie" (art.4) "om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is ..." (art.5), en niks anders nie (artikel 6). Hierdie heilige Skrif is genoegsaam en volkome nie net vir 'alles wat die mens vir sy saligheid moet glo' nie, maar ook vir die 'hele wyse waarop God deur ons gedien moet word' (art.7).

Dus is die Skrif se uitsprake finaal en gesagsvol en is dit nie afhanklik van die meerderheid van geleerdes se wetenskaplike uitsprake, of dit waar is of nie (sien veral NGB artikel 7). Daarom word daar in hierdie afdeling spesifiek geluister na wat die Heilige Skrif leer aangaande die volgende sake wat die historiese Jesus aanhangers bevraagteken:

a) die maagdelike geboorte
b) die wonderwerke
c) Christus se opstanding
d) Christus se hemelvaart
e) Christus se Godheid

### *a) die maagdelike geboorte*

> [20] Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, *is uit die Heilige Gees*; [21] en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. – Matt.1 (Luk.1:35)

### *b) die wonderwerke*

> [15] En toe die owerpriesters en skrifgeleerdes *die wonderwerke* sien wat Hy gedoen het, en die kinders wat in die tempel uitroep en sê: Hosanna vir die Seun van Dawid! was hulle verontwaardig – Matt.21

### *c) Christus se opstanding*

> [6] En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. *Hy het opgestaan*. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergele het. – Mark 16

### *d) Christus se hemelvaart*

> [51] En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei *en is in die hemel opgeneem*. – Luk. 24

### *e) Christus se Godheid*

> [27] Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig. [28] En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en *my God! – Joh.20*

Die getuienis van die Heilige Skrif is dus duidelik oor die maagdelike geboorte, wonderwerke, opstanding, hemelvaart en Godheid van Christus. Volgens Craig (Copan, 1998: 25) is die slagaar van die hele debat oor die historiese Jesus die opstanding van Christus. Deur die opstanding het Christus bevestig dat Hy die Seun van God is, die Messias van die OT en dus God self. As dit inmekaar tuimel, dan val alles daarmee saam ineen, soos Paulus ook skryf in 1 Kor.15:

> [12] As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie? [13] As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. [14] En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; [15] en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie. [16] Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; [17] en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; [18] dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. [19] As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense.

Dat daar twyfel is dat die NT Christus se Godheid leer, en dat Hyself dit bevestig, is vreemd aangesien dit op verskeie plekke eksplisiet of implisiet voorkom in die Skrif: Luk.27:52; Joh.1:1-3,18; 4:26; 5:18; 8:58; 9:38; 14:1; Hand.20:28; Rom.9:5; 2 Kor.13:13; Fil.2:6; Kol.2:9; 2 Tess.1:2; 1 Tim.3:16; Tit.2:13; Hebr.1:8,10; 2 Petr.1:1; 1 Joh.5:20.

Vervolgens word daar net kortliks aandag gegee aan een so versgedeelte wat die Godheid van Christus bevestig, wat baiemaal nie in vertalings raakgesien word nie, nl. Joh.4:26, wat deel vorm van die 'Ek is' uitsprake in die Nuwe Testament (Ball, 1996).

Die vers kom voor in die konteks van die gesprek met die Samaritaanse vrou, wat eindig in 'n gesprek oor 'ware aanbidding'. In vers 25, 26 word die eenheid van God se verlossing en aanbidding van beide die OT en die NT gehandhaaf: *eerstens*, deur die woorde "Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word," waarin Jesus as 'Gesalfde' in beide Hebreeus (OT: Messias) en Grieks (NT: Christus) gegee word, en, *tweedens*, met Christus se woorde: "*Dit is Ek* wat met jou spreek!"[3] oftewel "Dit is 'Ek is wat Ek is' wat met jou spreek!"

In Joh.4:26 openbaar Jesus Christus Hom nie net as die Messias van die OT, die Gesalfde wat die Samaritane ook verwag het vanuit slegs hul Pentateug-kanon nie, maar ook as God self wat tot die vrou spreek, en tot ons vandag, soos ons lees in Jes.52:5,6:

> Maar nou, wat vind Ek hier? *spreek die HERE*; want my volk is vir niks weggeneem, sy oorheersers maak geraas, *spreek die HERE*, en my Naam word gedurigdeur die hele dag gelaster. Daarom sal my volk my Naam leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit **Ek is wat spreek**[4]: Hier is Ek!"

---

[3] <u>Εγώ εἰμι</u>, <u>ὁ λαλῶν</u> σοι

[4] Die Septuagint (Die Griekse vertaling van die OT) lees as volg: ὅτι <u>ἐγώ εἰμι</u> αὐτὸς <u>ὁ λαλῶν</u> πάρειμι. "The day of which Isaiah speaks is also parallelled in Jesus' discussion about the day when true worshippers will worship in spirit and in truth. If the Isaiah passage is in mind, Jesus' claim is not only in the light of the messiah's coming (v. 25), but in the light of the LORD's coming in redemption to Zion (Isa. 52.8, 9). Through the ἐγώ εἰμι ('Ek is') 4.26, Jesus' identity as messiah is therefore qualified by the phrase in which it is uttered. It is the whole phrase, and not only the words ἐγώ εἰμι (*ani hu* in Hebreeus), which points the reader to the Isaianic passage, which in turn defines what is meant by messiahship. If it is correct to see in Jesus' words a reference to the similar words of Isaiah, then it would mean that this verse operates on two levels. The first level is there for all to see. Jesus claims to be the messiah of whom the Samaritan woman speaks. It is the phrasing of Jesus' words, which provides the key to interpreting them on a far deeper level. On this second level, Jesus' words make him out to be the fulfilment of the LORD's promise that the people would know his name, and also know that it is he who speaks. Jesus' identity as messiah is therefore an identity <u>which includes an identification with Yahweh</u>. Thus the verbal analogy of Jesus' words with the words of Yahweh in Isaiah calls for a radical reinterpretation of the first 'surface' level of meaning in Jesus' words", (Ball, 1996: 60-66, 178-181). Onderstreping bygevoeg.

Christus is die 'Ek is' van die OT erediens, wat dit volmaak vervul en handhaaf as die 'Ek is' van NT erediens (Matt.14:27; Joh.8:58; die Brief aan die Hebreërs), sodat ons die Vader 'in gees en waarheid' kan aanbid en dien, vir altyd en ewig (Hebr.13:8; Op.1:8; 4:10,11; 5:9-14). Van Houwelingen (1997: 118) stel die implikasies van hierdie teksvers as volg:

> Meermalen heeft Hij zowel zijn *goddelijke afkomst* als zijn messiaanse taak onthuld door onomwonden te zeggen: 'Ik ben het' (verg. 6:20; 8:24,28,58; 9:37; 13:19; 18:5,6,8). Wat Johannes hij al zijn lezers hoopt te bereiken, is op dat herhaalde zelfgetuigenis gebaseerd. Zo komt men tot de overtuiging dat Jezus de Messias is, de zoon van God (20:31). En inderdaad zou de Geest der waarheid aan Jezus' leerlingen alles verkondigen om Hem te verheerlijken (16:12-15). Zo komt een wereldwijde gemeenschap van Vader-aanbidders tot stand, in Geest en waarheid.

Dus, Christus is nie bloot 'n 'goeie wysheidsleraar nie' maar Hy is die 'Ek is' van beide die Ou en Nuwe Testament, wat die wil van die Vader openbaar en verklaar (Joh.1:18), d.w.s. 'alles verkondig'. As ons nie na die Nuwe Testament, na sy dissipels luister nie, dan luister ons nie na Hom nie.

Van Houwelingen se opmerking dui ook daarop dat die sogenaamde 'Messiaanse geheim' 'n mite is en dat volgens die Skrif Jesus wel heeltemal bewus was van sy roeping en taak, en dat Hy die Verlosser van sy volk is (Vos, 2002: 13).

As die Samaritaanse vrou vir Jesus sê (Joh.4:25, 26): "Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig," dan antwoord Jesus haar:

*Dit is Ek wat met jou spreek!*

## 7. Die belydenis van die Kerk deur die eeue

Hier word net kortliks gewys daarop dat die kerk deur al die eeue bely het dat Christus waarlik God en mens en al die historiese waarhede bely wat nou deur die Nuwe Hervorming ontken word:

*a. Die Apostoliese Geloofsbelydenis*

> "... en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria ... wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; ... opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader"

*b. Die Geloofsbelydenis van Nicea*

> "... en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het. Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword; Hy het mens geword; onder Pontius Pilatus is Hy gekruisig; Hy het gely en is begrawe. Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar."

*c. Die Geloofsbelydenis van Athanasius*

> "... Die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig. ... So ook is die Vader God, die Seun God, die Heilige Gees God; ... die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie maar gegenereer. ... Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens een Christus, ...uit die dood opgestaan het, na die hemel opgevaar het en aan die regterhand van God, die almagtige Vader sit."

*d. Nederlandse Geloofsbelydenis*

"Artikel 10: Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid en in alles aan Hom gelyk. Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuienisse ons as hulle met mekaar vergelyk word: Moses sê dat God die wêreld geskep het, en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem. Die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het. So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En daarom sê die profeet Miga: "Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid", en sê die apostel: "Hy is sonder begin van dae of lewenseinde". Hy is dus ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien."

*e. Die Heidelbergse Kategismus*

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees ? Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kan dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee.

Die kerk deur die eeue het dus bely dat Jesus van Nasaret werklik God en mens was, dat Hy gebore is uit die maagd Maria, opgestaan het en opgevaar het na die hemel.

## 8. Evaluering en konklusie

Die soeke na 'n historiese Jesus versus 'n verkondigde Jesus moet verstaan word in die konteks van die volgende belangrik voorveronderstellings of denkraamwerk van die aanhangers daarvan (Viljoen, 2002: 563):

a. hulle verwerp die Bybelse metafisiese wêreldbeeld ten gunste van hul naturalistiese humanistiese verligtingswêreldbeeld.
b. hul verwerp die historiese Skrifbeskouing van dat die Bybel is God se Woord, en beskou dit slegs as 'n literêre godsdienstige dokument soos enige ander soort religieuse literatuur.
c. Die God-mens van die Skrif word verwerp ten gunste van 'n blote 'goeie wysheidsleraar' beskouing van Jesus. Dit is 'n antropologiese mensbeeld.
d. Soos hul voorvaders, die Sadduseërs (Matt.22:29) verwerp hul die opstanding, ten gunste van 'n eksistensiële lewensbeskouing wat slegs handel oor die lewe hier en nou.

Craig (Copan, 1998: 32) som Crossan en by implikasie die hele Jesus Seminar en Nuwe Hervorming bewegings goed op as hy sê dit is: "Crossan's view on the relationship between history and theology are a strange and inconsistent blend of nineteenth-century liberalism, Bultmann existentialism, and contemporary postmodernism."

Teenoor die historiese Jesus beskouing, wys die NT skrywers duidelik daarop dat hul nie blote 'stories'of 'metaforiese boodskappe' wou skryf nie, en dat hul ook in stryd met die mitologiese wêreldbeeld van hul tyd geskryf het. Hulle het juis die 'wysheid' van die destydse wêreld verwerp, wat allerlei fabels en mites ingesluit het. Hulle wou geskiedenis, openbaringsgeskiedenis skryf. Natuurlik was dit geloofsgeskiedenis, maar dit was geskiedenis:

AANGESIEN baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is, [2] soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het, [3] het ek ook dit goedgedink, hooggeagte Theófilus, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe, [4] sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is. – Luk.1

> [3] Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie, [4] en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is. – 1 Tim.1

> [16] Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit; [17] want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. [18] En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was. [19] En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; [20] terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; [21] want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek. – 2 Petrus

Crossan se vrae oor die gebruik van Markus as bron vir die ander evangelies asook die verskillende lae van oorlewerings wat histories ontwikkel het, moet egter opnuut ondersoek word en daar moet gevra word of 'conservative evangelical scholarship' nie alreeds kompromieë begin maak het met kritiese geleerdheid nie. Het ons nie al baiemaal die kritiese metodes oorgeneem maar nog nie konsekwent die gevolge uitgevoer nie. Reymond (2003: 43) vra die vrae hoe metodes soos 'Bronne kritiek', 'Vorm Kritiek', 'Hoër Kritiek' 'Redaksie Kritiek' ens., begin deure oopmaak het wat die gesag van die Skrif aantas (sien ook Thomas & Farnell, 1998).

Die groot vraag wat na vore kom vir gelowiges, ook vir gelowige wetenskaplikes, is of nog hier met 'mede-gelowiges' te doen het, want dit gaan bepaal hoe daar met hul omgegaan moet word?

In die Skrif lees ons van drie plekke waar die woord 'Christen(e)' gebruik is (Hand.11:26; 26:28; 1 Petr.4:16). Dit was mense wat in Jesus geglo het en Hom gevolg het. In die Heidelbergse Kategismus, bely ons dat die Skrif leer dat 'n Christen iemand is wat "*Alles* wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer" (v/a 22).

Volgens hierdie definisie kwalifiseer die Nuwe Hervormers dus nie as mede-gelowiges nie, omdat hul by voorbaat, openlik en eerlik alles verwerp wat sentraal van die Persoon van Jesus Christus is, soos ge-openbaar in die Skrif.
Volgens hierdie student is dit goed om die verskillende argumente van die Nuwe Hervormers te kan weerlê, hetsy binne of buite Bybelse argumente aangaande die historiese Jesus (Porter, 2000; Van Voorst, 2000), maar daar moet nie gedink word dat 'wetenskaplike redenasies' die Nuwe Hervormers gaan oortuig nie, dit kan en sal die Heilige Gees alleen kan doen, as Hy dit wil doen.

In die groot debat wat plaasgevind het tussen die 'evangelical' dr. W.L. Craig en die 'Jesus Seminar' liberalis, J.D. Crossan (Copan, 1998), het eersgenoemde tot vervelens Crossan probeer oortuig deur elke keer te verwys na die "vast majority of New Testament scholars", "majority of biblical critics", "the consensus of scholarship", "no other serious NT critic accepts", ens. Nou dit kan waar wees, maar dit is nie die sentrale pleitdooi wat gedoen moet word teenoor hierdie ongelowige geleerdes nie.
Was dit dan nie juis die 'vast majority of OT scholars' in Jesus se dag wat Hom verwerp het, en Hom laat kruisig het nie? Die Bybel waarsku juis dat ons nie die meerderheid (of minderheid) moet volg wat in verkeerd is nie (Ex.23:1-3).

Ten einde is die debat tussen die Kerk van Christus met die historiese Jesus aanhangers, die Jesus Seminar, die Nuwe Hervormers, nie 'n debat tussen 'geloof vs. wetenskap' of tussen 'geloof vs. rede' nie, maar 'n debat tussen geloof vs. ongeloof, tussen gelowige Skrifwetenskap en ongelowige antropologiese wetenskap.

Die Heilige Skrif leer:
- dat ons God nie kan behaag sonder geloof nie (Hebr.11:6a);
- dat geloof nie 'n werk van 'n mens is nie maar die werk van God (Joh.6:29); en
- dat geloof is 'n gawe van God, 'n geskenk van God (Ef.2:8).

Die rede waarom die Nuwe Hervormers nie kan glo aan die Jesus van die Bybel nie, is nie omdat daar nie genoeg 'bewyse' is nie of omdat die 'wetenskap' so sê nie, of omdat die Skrif 'onduidelik' is nie, maar omdat hul nie die geloof het om dit te kan doen nie. Die skuld daarvoor lê by hulself omdat hul die duidelike getuienis van die Skrif verwerp.
Daarom is dit die konklusie van hierdie werkstuk dat aanhangers van die Nuwe Hervormers beskou moet word as ongelowige mense, wel geleerde ongelowige mense, wat opnuut die Evangelie van verlossing moet hoor, wat opnuut moet hoor dat Jesus ook die sleutel is om die Skrif self reg te verstaan:

> 20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.
> – 1 Joh.5

In HK, vraag en antwoord 21 bely ons wat 'n 'ware geloof' is, naamlik:

> 'n Ware geloof is nie alleen 'n *vasstaande kennis* waardeur ek <u>alles</u> wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir <u>waar</u> aanvaar nie, maar ook 'n *vaste vertroue*, wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het.

Die Nuwe Hervorming bely geen 'vasstaande kennis' nie, geen 'vaste vertroue' nie, hulle glo nie 'alles' wat in die Woord geopenbaar is nie, en hul aanvaar alles in die Skrif nie as 'waar' nie. Hulle het nog nie gebuig voor Jesus, die Christus nie, en daarom sal hul geen antwoorde kry volgens hul eie fabels en mites nie. Paulus se woorde geld by implikasie net so vir elkeen wat Sy Woord bevraagteken en hulself as die norm en standaard voorhou:

Maar tog, o mens, wie is wat teen God antwoord? – Rom.9:20

Dit is alleen deur die geloof dat ons kan weet en glo dat die historiese Jesus en die verkondigde Jesus van die Skrif dieselfde Persoon is, God self, en dan kan ons soos Petrus, Thomas en die kerk deur al die eeue tot in ewigheid bely:

**U is die Christus, die Seun van die lewende God. ... My Here en my God!**

**Bronnelys**

BALL, D.M. 1996. 'I am' in John's Gospel: Literary Function, Background and Theological Implications Sheffield: Sheffield Academic Press.
BERCOT, D.W., *red.* 1999. A Dictionary of Early Christian Beliefs. Peabody: Hendrickson Publishers.
BRAY, G. 1997. Creeds Councils and Christ: Did the early Christians misrepresent Jesus? Ross-shire: Mentor.
BROWN, C. red. 2001. New International Dictionary of New Testament Theology. Grand Rapids: Zondervan. [CD-ROM]

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

COPAN, P. (red.). 1998. Will the Real Jesus please stand up? A Debate between William Lane Craig and John Dominic Crossan. Grand Rapids, MI: Baker Books.

DEIST, F. 1994. Ervaring, Rede en Metode in Skrifuitleg: 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840-1990. Pretoria: RGN.

DULING, D.C. 1979. Jesus Christ through History. New York: Harcourt Brace Jovanovich Publishers.

FARNELL, F.D. & THOMAS, R.L. 1998. The Jesus Crisis. Inroads of Historical Criticism into Evangelical Scholarship. Grand Rapids, MI: Kregel Publications.

GEISLER, N.L. 1980. Inerrancy. Grand Rapids: Academie Books.

JONES, P. 1998. Spirit Wars. Pagan Revival in Christian America. Mukilteo, WA: WinePress Publishing.

KITTEL, G. & FRIEDERICH, G., red. The Theological Dictionary of the New Testament, Abridged in One Volume. 1985. Logos Library System. [CD-ROM.]

LOGOS Information Systems. NG Kerk Uitgewers: Belydenisskrifte, Kaapstad, [Online] Available: Logos Library System.

MULLER, P. (red.) 2002. Die Nuwe Hervorming. Pretoria: Protea Boekhuis.

PORTER, S.E. 2000. The Criteria for Authenticity in Historical-Jesus Research. Previous Discussion and New Proposals. Sheffield: Sheffield Academic Press.

REYMOND, R.L. 2003. Jesus Divine Messiah. The New and Old Testament Witness. Ross-shire: Mentor.

VAN BRUGGEN, J. 1996. Het evangelie van Gods zoon: Persoon en leer van Jezus volgens de vier evangeliën. Kampen: Kok.

VILJOEN, F.P. 2002. Jesus sonder Christus of Christus sonder Jesus? In die Skriflig 36(4): 555-572.

VILJOEN, F.P. 2004. Studiegids vir Nuwe Testament 621. Potchefstroom: Fakulteit Teologie.

VAN HOUWELINGEN, P.H.R. 1997. Johannes: Het evangelie van het Woord. Kampen: J.H. Kok.

VAN VOORST, 2000. Jesus Outside the New Testament. An Introduction to Ancient Evidence. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

VOS, G. 2002. The Disclosure of Jesus. The Modern Debate about Messianic Conciousness. Phillipsburg: P&R.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. et.al. 1993. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, [Online] Available: Logos Library System.